

Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 2

Net die Judastam het vir Dawid ondersteun. (vers 10)

Jare voor hierdie gebeure het die profeet Samuel al vir Dawid tot koning gesalf (1 Sam 16:13). Dit lyk nou of Dawid uiteindelik koning sal word. Die oorlog met die Filistyne het

die koningshuis van Saul van sy leiers gestroop. Dawid, Saul se skoonseun en voormalige veggeneraal, was die logiese troonopvolger. Tog tree Dawid nie selfvoldaan op nie. Hy neem sy besluite in biddende afhanklikheid van die Here (vers 1).
In Hebron bevestig die Judastam Dawid se koningskap deur hom as koning te salf (vers 4). Hy doen sy bes om die vervreemding wat tussen hom en Saul ontstaan het, te oorbrug (vers 5-6). Maar die familie van Saul onder leiding van Abner, Saul se oom en hoof van die leër, weier om Dawid terug te verwelkom. Hy dryf eerder die wig verder in en verklaar oorlog teen Dawid.
As jy doen wat God van jou verwag, beteken dit nie noodwendig alles sal vlot verloop nie. Daarvoor sorg die Bose met al sy lis. Dan moet jy geduldig en getrou jou roeping bly uitleef. Jy sal nie beoordeel word volgens die sukses wat jy behaal nie, maar volgens jou getrouheid aan jou opdrag.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026